PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 (021) 883-8461
info@prg.wcape.school.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

# Vakkeusevoorligting: Graad 9-leerders

Geagte Ouers

Leerders in Graad 9 beskik nie noodwendig oor die nodige selfkennis, of die kennis van die wêreld van werk, wat benodig word om `n ingeligte besluit oor vakkeuses vir Graad 10 te neem nie. Die gevolg is dat leerders dikwels vakke kies wat nie ooreenstem met hul aanlegte, belangstellings en beroepsoriëntasie nie en sodoende word hul toekomsmoontlikhede beperk. Vakkeusevoorligting stel leerders in staat om ingeligte besluite deur middel van psigometriese assesserings te maak.

Vakkeuse-assessering is 'n holistiese proses; dit oorweeg 'n leerder se huidige skolastiese vermoë, akademiese, tegniese-en handelsaanleg, beroepsoriëntasie, belangstellings en narratief. Wanneer al hierdie aspekte gekombineer word, sal u en u dogter in staat wees om `n ingeligte besluit te kan neem. Aangesien die korrekte vakkeuse `n belangrike rol in toekomstige sukses speel, wil ons u graag die geleentheid bied om u seun by Paul Roos Gimnasium te laat assesseer. **Let asseblief dat hierdie assessering nie verpligtend is vir enige leerder nie.**

<u>Die vakkeuse-assessering proses vir Graad 9's by Paul Roos Gimnasium:</u>
`n Psigometriese assessering van ongeveer 5-6 ure wat in groepsverband aangebied word tydens skoolure, op **Dinsdag, 28 Maart 2023**, sluit die volgende in:

- Aanlegtoets (DAT-S, Gevorderde Akademiese Vorm)
- Belangstellingsvraelys (MB-10)
- Beroepsoriëntasie (Career Mentor)
- Narratiewe Vraelys

`n Individuele terugvoersessie van ongeveer 40 minute sal met elke betrokke leerder en sy ouer(s) by die skool geskied. Daar sal voorsiening gemaak word vir ouers wat nie by die werk kan wegkom nie of ver woon.

'n Volledige verslag van die psigometriese resultate asook die besprekings en aanbevelings sal vir elke betrokke leerder geskep word, na afhandeling van die terugvoersessie.

Koste:
Die koste per leerder vir die Vakkeusevoorligting, wat die psigometriese assessering, terugvoersessie en volledige verslag insluit, beloop R950.00. Die fooi is betaalbaar voor of op die sluitingsdag vir registrasie (22 Maart 2023).

Bankbesonderhede:

| | |
|---|---|
| Naam: | Lelani Cloete |
| Bank: | FNB/RMB |
| Rekeningnommer: | 62035295436 |
| Takkode: | 250655 |
| Rekening: | Tjekrekening |
| Verwysing: | Leerder naam en van |

Stuur asseblief die bewys van betaling na: lelani.cloete@gmail.com

Registrasie:
Voltooi die registrasievorm deur die skakel te volg https://cutt.ly/4x1N4bO
**Die registrasie sluit Woensdag, 22 Maart 2023.**

Al die bogenoemde inligting, asook die nodige dokumentasie, sal op Paul Roos Gimnasium se webtuiste beskikbaar wees. Kontak my gerus indien u enige verdere navrae het. Ek sien daarna uit om u seun met die regte vakkeuse vir sy toekoms te help.

Vriendelike groete

Monique Barnes
Voorligting Sielkundige
Pr. No 0615250
083 410 7609
mbarnes@paulroos.co.za

Lelani Cloete
Opvoedkundige Sielkundige
PS 0155543
082 320 9477
Lelani.cloete@gmail.com

André van Staden
REKTOR

1 Maart 2023